9/2010 10 Maart 2010

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende vriendelik onder u aandag.

2010: LEWE MET DANKBAARHEID

Eerste Kwartaal: **INTEGRITEIT**
Oor INTEGRITEIT:

- 'n Mens behaal 'n groter oorwinning wanneer jy as gevolg van jou beginsels verloor, as wanneer jy as gevolg van jou leuens wen.
- Mense met integriteit doen meer as wat hulle moet en minder as wat hulle mag.

1. BELANGRIKE DATUMS

Do 11 Mrt	**Toets: EBW**
Vr 12 Mrt	**Toets: NW**
Ma 15 Mrt	**Toets: SW**
Di 16 Mrt	**Toets: Kuns & Kultuur**
	BEHEERLIGGAAMVERGADERING 18:00
Wo 17 Mrt	**Toets: LO**
Do 18 Mrt	**Toets: Tegnologie**

TOETSREEKS:
Na die dag se toets gaan klasonderrig soos altyd voort.
Ons doen 'n beroep op ouers om hul kind(ers) nie onnodig uit die skool te hou nie – ook nie om te vra dat hulle na die toets huis te moet gaan nie.
Ouers moet asseblief toesien dat hul kind(ers) vir die toetse leer.

2. SKOOLDRAG / SPORTDRAG (Navrae: sekretaresses 981-1882).

Verkope: **Ma & Wo 13:30 – 15:00**
Elke Woensdagaand: 17:00 – 18:00
*****Nuwe atletiekdrag by klerebank beskikbaar*****
Skoolrokke is weer beskikbaar

3. SKOOLGELDE

NB Alle gelde (korrekte bedrag) moet in 'n **geseëlde koevert** skool toe gestuur word.
BANKBESONDERHEDE: ABSA (Takkode: 632005), BRACKENFELL, TJEK REK., NR.
01002621262 (Verwysing: U kind se naam & van of u rek. Nr.)

Die **SUBSIDIE-VORMS** (KWYTSKELDING EN VERMINDERING), word tans verwerk. Betrokke ouers sal d.m.v 'n brief ingelig word.

4. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

DATUM	AKTIWITEITE	TEENSTAANDERS	T/W
Sat 13 Mrt	Rugby: O/13A	Hopefield	W
	Krieket: O/8A & O/9A	Eikestad	W

BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE / OEFENINGE

- Alleenlik vir dié spanne met wie afrigters vroegtydig gereël het.

**** VERKIES TOT DIE **WP-ATLETIEKSPAN** ****
Hanno Jordan (1200m)
Ryno Marais (100m)
Hanro Crous (Spiesgooi)
BAIE GELUK!!!! Ons is baie trots op julle. STERKTE!!!

5. ALGEMEEN

KOSPAKKIES: Ouers moet asseblief kospakkies met gesonde kosse vir hul kind(ers) skool toe inpak. Te veel kinders eet en drink van vroegoggend lekkers en gaskoeldrank. Die snoepie mag nie lekkers en koeldranke vroegoggend verkoop nie.
MASELS & POLIO INENTING: 'n Volledige brief is saam met die omsendbrief uitgegee. Stuur asb. voltooide afskeurstrokie terug na skool.

Vriendelike groete

Moenie net jou tyd verdryf hier op aarde nie: leef jou lewe. Gary Player

_____
C D Eksteen
SKOOLHOOF

Ek, ouer van _____ Gr _____ erken ontvangs van
Omsendbrief 9/2010.

_____ _____
HANDTEKENING **DATUM**